VERJAARSDAE : 22 TOT 28 NOVEMBER 2009

11/22	GIDEON	LE ROUX	VAN RIEBEECKLN 114	Blok 3
11/23	DRIES	VAN DER MERWE	VAN RIEBEECKLN 149	Blok 3
11/23	ARTHUR	APPEL	HANS STRIJDOMLN 32	Blok 3
11/23	JACO	UYS	SMUTSLN 120	Blok 2
11/24	ZELDA	BROEKHUIZEN	HANS STRIJDOMLN 9.	Blok 3
11/25	GENI	ANDERSON	DF MALANLN 243	Blok 1
11/26	RICO	CARSTENS	4DE STRAAT 25	Blok 1
11/26	HESTER	GERBER	DF MALANLN 133	Blok 3
11/26	NICOLE	OPPERMAN	ERIKA WS 3	Blok 1
11/26	HEINZ	MEISSNER	VAN RIEBEECKLN 189	Blok 2
11/27	SHUAN	ERASMUS	THEODORESTR 45	Blok 1
11/27	RIËTTE	STOLZ	2DE STRAAT 9	Blok 1
11/27	AMANDA	GRUNDELINGH	DF MALANLN 26A	Blok 4
11/28	RICHARD	HERSELMAN	TRICHARDTWEG 14	Blok 1
11/28	DERYCK	VAN STADEN	CANTONMENTSWEG 11	Blok 2
11/28	OKKIE	PRINSLOO	TRICHARDTWEG 2	Blok 1

.*HUWELIKHERDENKINGS : 22 TOT 28 NOEMBER 2009*

DINSDAG, 24 NOVEMBER

JACQUES EN JANET HUMAN	HANS STRIJDOMLN 93A	Blok 3

VRYDAG, 27 NOVEMBER

NICO EN ELIZE FOURIE	HANS STRIJDOMLN 215A	Blok 2
FREDDIE EN ALMA SCHOEMAN	KRUGERLN 105	Blok 3

חי

Dr Liandi Fourie

MBChB(Pret)

Algemene Praktisyn

Ons passie is
volhoubare gesondheid
dmv 'n natuurlike benadering,
lewenstylbeplanning
en natuurlike produkte.

Chris Hougaardstraat 324
Wierdapark
012-6530564

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 22 November 2009

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 22 NOVEMBER

Sakelys Kerkraadsvergadering

09:00 Erediens: Freddie Schoeman
09:00 Kindereredienste

MAANDAG 23 NOVEMBER

19:00 Bedryfspanvergadering

DINSDAG, 24 NOVEMBER

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 25 NOVEMBER

17:00 Biduur
19:00 Kerkraadsvergadering

DONDERDAG, 26 NOVEMBER

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

SONDAG, 29 NOVEMBER

Deurkollekte Motorwag

09:00 Erediens: Freddie Schoeman
09:00 Kindereredienste
18:00 Kerssangdiens

MAANDAG 30 NOVEMBER

19:00 Bedieningspanvergadering

WOENSDAG, 2 DESEMBER

17:00 Biduur
Inbetaling Diakonie

DONDERDAG, 3 DESEMBER

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

SONDAG, 6 DESEMBER

Deurkollekte Noodlenigingsfonds

09:00 Erediens
09:00 Kindereredienste

Is daar siekte, nood of krisis in ons gemeente waarvan jy weet? Ons wil graag help. Kontak Madelaine Steyn by 082 354 2455.

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012 664 3629)

VOORBIDDING

1. Willie en Kitty Wickens, Krugerln 51 met Kitty wat in die hospitaal was en tans tuis aansterk (Blok 3).
2. Johan en Elize de Beer, Krugerlaan 218, met Johan hierdie weer Bloemfontein toe reis vir behandeling (Blok 2).
3. Willie en Theresa Smith, Hans Strijdomln 235 met Theresa wat tuis aansterk. Dankie aan ons Hemelse Vader vir die beterskap (Blok 1).
4. Ons dink in besonder aan Gustav en Heleen Venter, Bettystr 379 met Gustav wat rekonstruksie-prosedure ondergaan het na die kaping (Blok 1).
5. Pieter en Anna Veldsman, Tecoma WS 4 met Pieter wat behandeling vir kanker ondergaan (Blok 1)
6. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat nog steeds wag op 'n skenker vir 'n nieroorplanting. (Blok 2). Ons vra voorbidding vir die hele gesin.

KERSSANGDIENS

DIE DATUM VAN ONS KERSSANGDIENS IS VOLGENDE SONDAG 29 NOVEMBER OM 18:00

PERSONE WAT OP EEN OF ANDER MANIER BEHULPSAAM WIL/KAN WEES BY DIE KERSSANGDIENS, KYK OP BL 2 WAAR U ORAL KAN HELP

U I T N O D I G I N G

KERSSANGDIENS
SONDAG, 29 NOVEMBER 2009

KOM JUBEL SAAM

WANT JESUS IS GROOT

BO ALLES

(Ons tema vir die aand)

Oor ‘n week is dit ons gemeente se Kerssangdiens. Soveel van ons gemeente het betrokke geraak, wat dit werklik ‘n spanpoging maak. Baie dankie aan elkeen wat ‘n bydrae lewer. Die belangrikste is egter dat ons gemeente dié aand sal kom. In besonder vra ons die ***OUERS*** van die katkisante om hul kinders kerk toe te bring sodat hulle ook kan deelneem aan die program. Moet hulle asseblief nie die geleentheid ontneem nie. Hulle is <u>só</u> ‘n belangrike del van die gemeente en hulle is só opgewonde om te kan deelneem.

Sal enige senior of ander lidmaat wat by hul huis opgelaai en weer afgelaai wil word, asseblief vir Hardus du Preez kontak by 082 887 1364—verlede Sondag het daar ‘n fout ingesluip met dié selnommer.

Ons gebed is dat Lyttelton-Oos gemeente met oorgawe sal kom jubel oor ‘n Verlosser wat vir ons gebore is.

KERSSANGDIENS

Programbestuurder: Gerda Odendaal (082 859 9340)
Assistant-bestuurder: Mariana Strydom (082 451 5811)

Orrelis en Jubilaté koor:	Dolly Pienaar (079 038 3883)
Dekor vir tablo’s:	Faan en Magda Buys (083 962 0108/083 304 0424)
Afrig van tablo’s:	Belinda Martins (012 664 3830)
Uitdeel van programme:	Tania Roos (082 958 9417) en Jeug
Elektroniese projeksie:	Johan Freysen (012 664 6325)
Blomme rangskikkings:	Cathy Anderson en span (082 403 0944)
Dekor in kerk:	Ronél Vorster (082 411 3855)
	Tania Roos (083 408 0860)
Sosiale geselligheid:	Petru Augustyn (071 677 5005)
Opruiming:	Antoinette van Rensburg (083 533 0812)
Vervoer van senior lidmate:	Hardus du Preez (082 887 1364)
Finansiering:	Deur middel van kollekte tydens Kerssangdiens

FONDSINSAMELING

AANGEBIED DEUR NELTROPICA

Soos u sal kan onthou het Rachel en Adri Martins vir ons hierdie fondsinsamelingsprojek aangebied.

Vir elke bestelling word daar ‘n persentasie aan die gemeente geskenk. Aflewering is baie flink!!

Op bladsy 7 vind u ‘n bestelvorm wat u kan gebruik wanneer u begin kersgeskenke koop. Hierdie neute en gedroogde vrugte is vars en beloof om ‘n baie welkom kersgeskenk te wees.

Hulle verskaf ook gemengde vrugte vir vrugtekoeke en u kan navraag doen oor die prys daarvan indien u sou wou bestel.

Hulle maak ook spesiale geskenkpakkies op met ‘n verskeidenheid van neute, vrugte, lekkers, ensovoorts. U kan spesifiseer waarn u belangstel en ‘n prys bepaling daarop plaas.

U ondersteuning sal waardeer word.

SKOONMAAK VAN MATTE

EN BEKLEEDSEL

***ASOOK ALGEMENE* HERSTELWERK**

IN EN OM DIE HUIS

BILLIKE PRYSE

SKAKEL LEN

071 372 1291

DANKOFFER PER INTERNET

Lidmate is welkom om hulle maandelikse dankoffer / geloof-offer per internet oor te plaas.
Die gemeente se rekeningbesonderhede is as volg:
ABSA Lyttelton / Takkode: 632 005
Gemeentefonds (vir dankoffers) 600 580 159
Geloofoffer: 4050 438 756

Jy kan ook ons webtuiste besoek by www.lytteltonoos.org.za en op die GivenGain ikoon klik om dankofferoordrag te vergemaklik

Daar is ook eDebietordervorms in die konsistorie beskikbaar—kom vra vir een na die diens of skakel Sexta Maree by 0126644458 Maandae of Woensdae of op haar sel 0724344670 of vra een aan by ngk@lytteltonoos.org.za.

Alpha

’n Geleentheid om die betekenis van die lewe te ontdek

19 Januarie 2010—23 Maart 2010

Elke Dinsdagaand om 18:30—21:00
Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op ’n terugvoervorm aan of skryf in op ons webblad by
http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

OMGEEBEDIENING

Doel: Om mense in ons gemeente wat in nood verkeer om welke rede ook al met liefde en deernis by te staan.

Dit gebeur dikwels dat die onverwagte gebeur: siekte, dood, krisis (inbraak, kaping ens.), finansiële terugslag, werksverlies of –nood. ‘n Gemeente moet gerat en georganiseerd wees om mekaar hierin by te staan. Daarom is ons besig om die volgende bedieningspanne op die been te bring:

- Hospitaalbesoekspan om mense wat in die hospitaal is te gaan besoek
- Siekebesoekspan om mense wat tuis siek is te besoek
- Maaltydspan om gesinne wat onder druk is vanweë hospitalisasie of trauma van ’n maaltyd of twee te voorsien
- Vervoerspan om mense wat vervoer benodig winkels of kerk toe by te staan
- Beradingspan wat beskikbaar is vir basiese emosionele bystand waar nodig.
- Helpmekaarspan: Ander praktiese dienslewering

VOLGENDE BYEENKOMS: Maandag 30 November om 19:00 — Gemeentesentrum (of kontak Madelaine Steyn 0823542455)

GRACE MANNA

Brood van Genade

"Ek was honger en julle het my iets gegee om te eet …" (Matt 6:35)

Elke dag ly talle mense in ons omgewing honger. Ons sien hulle en wil graag help maar weet nie hoe nie. Grace Manna is ons gemeente se voedselprojek waardeur ons elke Dinsdag-, Woensdag- en Vrydagoggend aan ongeveer 70 mense iets gee om te eet. Hulle word ook terselfdertyd geestelike bedien deurdat daar vir hulle gebid word en die evangelie van God se genade en liefde hoor.

'n Volgende fase is werkskepping. Sommige van die mense wat so bedien word, het vaardighede waarmee hulle werk kan kry. Ons wil hulle daarmee help. Ander kan weer verder opgelei word in tuinbou, verfwerk, pleister— en messelwerk asook ander vaardighede.

Hoe kan ek help om hierdie projek van krag tot krag te laat gaan?

Bid, Gee, Dien

BID

Ons sal dit baie waardeer indien jy elke dag hierdie projek aan die Here kan opdra. Bid dat sy liefde op talle maniere getoon sal word en dat mense daardeur aangeraak sal word.

GEE

⇒ Skenk kos in die vorm van brood, eiers, koffie, tee, melk suiker.

⇒ Maak 5 liter roomysbakke vol sop en vries dit.

⇒ Vind borgskappe of gee kontant sodat kos aangekoop kan word.

DIEN

⇒ Berei kos by die huis voor (smeer brood, kook eiers ens.)

⇒ Help op Dindag- , Woensdag– en Donderdagoggende vanaf 06:30 om kos te bedien en / of vir die mense te bid.

⇒ Help met die opstel van 'n databasis van vaardighede.

KONTAK: Retha Wessels 082 772 0955

KOM BID SAAM!

Sondagoggende vanaf 08:00 in bo-kamer
Ons bid vir:

- die erediens
- ons gemeente
- spesiale versoeke terugvoerkaart

Kom berei jouself geestelik voor vir die erediens
Kom wanneer jy kan, bly solank jy wil, gaan wanneer jy moet …
Wanneer gelowiges bid sidder die duiwel

GRACE MANNA UITREIK

Die Here se genade is groot en daarom kan ons sê dat dit baie goed gaan met die Grace Manna uitreik. Dankie vir elkeen se omgee en bydraes.

Ons wil graag die jaar eindig met 'n spesiale verrassing vir al die mense wat bereik is deur die projek. Ons vra of u 'n bydrae sal lewer van 'n R20 geskenkpakkie of 'n kontant borg. Ons gaan 'n Kersparty hou op 28 November 2009. Ons mikpunt is 'n minimum van 150 pakkies.

Baie dankie vir u positiewe gesindheid!

Retha en die uitreikspan

082 772 0955

Joh 6:35 "En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe, wie na my toe kom sal nooit honger kry nie."

MEEGEVOEL

Ons betuig graag meegevoel met Kruger Worst — voorheen van Lyttelton-Oos — met die afsterwe op 16 November van tannie Baby.

Die gedenkdiens was Donderdag 19 November.

Ons bid oom Kruger en familie sterkte en die Here se vertroosting toe in die tyd wat voorlê. Mag julle Sy nabyheid intens ervaar.